Geopende Deure NUUSBRIEF

**DIE *WARE KOSTE* OM JESUS TE VOLG**



30 JAAR VAN DIE GEOPENDE DEURE WÊRELDWAARNEMINGSLYS

1993

30

2023

Verteenwoordigende foto gebruik.

**UITGAWE 1**

Uiterste liefde, bl. 2, 3 • Wat jy van die WWL se 30ste uitgawe moet weet, bl. 4
Vanuit die hart, bl. 5 • **2023 Wêreldwaarnemingslys-gebedskaart**



Verteenwoordigende foto gebruik.

# UITERSTE LIEFDE

## Geopende Deure-werkers plaas alles op die spel om vervolgde Christene te ondersteun. Alles vir liefde…

Diep in die Chinese platteland jaag Rebecca* met ŉ onwettige voertuig langs ŉ donker spoor. Sy is op pad na ŉ geheime plek om haar "susters" te besoek. Dié groep Noord-Koreaanse vroue is vlugtelinge of moontlike slagoffers van mensehandel.

Die reis is belaai met gevaar. Maar vir Rebecca is dit die moeite werd – die vroue wat sy ontmoet, waag alles om Jesus te volg.

**"Ander soos ek is gevang en opgesluit,"** sê Rebecca. **"Maar dit is ŉ risiko wat ek bereid is om te loop om die Evangelie te deel. Dié vroue staar ŉ veel groter gevaar in die gesig om dit aan te hoor."**

Rebecca is een van Geopende Deure se buitengewone werkers wat Christene bedien wat toenemend uiterste en gewelddadige vervolging ervaar. Indien die Noord-Koreaanse vroue betrap word tydens die ontmoeting, kan hulle gedeporteer word na Noord-Korea en na ŉ gevangeniskamp gestuur word. As ŉ Bybel by hulle gekry word, kan die hele gesin tronkstraf opgelê word. Die vroue kan selfs tereggestel word.

Vandag word meer Christene vir hul geloof vermoor as enige ander tyd in die afgelope 30 jaar. Dit is skokkend – maar dien nie as ŉ afskrikmiddel vir hierdie Noord-Koreaanse vroue nie. **"Die dames lei ŉ ellendige lewe,"** sê suster J*, ŉ ander werker. **"Maar al kruip hulle weg en ly, loop hulle oor van vreugde en hoop in Christus."**


Wanneer Rebecca by haar geheime ontmoetingsplek aankom, ervaar sy ŉ golf van vrees. Hierdie byeenkoms is ontsettend riskant. Maar uiterste vervolging vra uiterste liefde – en Rebecca sou niks anders verkies nie.

*Name verander om identiteite te beskerm.

**"God maak aanspraak op ons liefde, ten spyte van dié gevaar. Om saam met die vroue te verkeer, is my grootste vreugde. Ek sou elke keer die reis onderneem, selfs al is dit net vir een vervolgde gelowige."**

Gelowiges in die top 50 lande besef die ware koste om Jesus te volg beteken om hul lewens te waag. Daarom is ons werkers bereid om ook hulle s'n te waag om vir hulle tot bemoediging te wees.

**Besoek www.OpenDoors.org.za/wwl/nkbklt of skandeer die QR-kode om jou gratis Noord-Korea-geïllustreerde boekie af te laai.**






Verteenwoordigende foto gebruik.

Vroulike vlugtelinge van Noord-Korea waag alles om saam te kom vir gemeenskap en om die Woord te lees.

# VANUIT DIE HART

Beste vennote en vriende

Die afgelope 30 jaar deel Geopende Deure die Wêreld-navorsing-resultate oor die vervolging van Christene wêreldwyd. In 1993 het 40 lande hoë tot uiterste vervolging ervaar, en vanjaar het 76 lande hoë tot uiterste vervolging ondervind.

Wanneer ons kyk na die omvang en intensiteit van vervolging wat ons geloofsfamilie ervaar, is dit maklik om oorweldig te voel. En selfs meer só wanneer ŉ mens lees van die geweld in sub-Sahara Afrika, verhoogde beheer wat deur digitale middels in China versprei, en verhoogde druk op gelowiges.

Noord-Korea is weer bo-aan die lys, met stories uit dié land wat ŉ mens desperaat laat. Soos ek voorbeelde van moedige geloof en vasberadenheid om Jesus te volg aanhoor en sien, vind ek dat die aangesig van vervolging in individue, gesinne en kerke se getuienisse dié gevoel van hulpeloosheid afbreek.

Verlede jaar is ek gevra: **"Is Geopende Deure slegs daar om die situasie te monitor en bewustheid te kweek oor die tendense?"** My antwoord: **"Nee – dié insigte lig ons in en dui aan hoe ons ons familie in die voorste linie kan dien, beide openlik en in die geheim. En nog belangriker, dit lei ons in ons gebede."**

Dit alles is slegs moontlik met jou betrokkenheid. Laat ons nie ophou om goed te doen nie en vanjaar voortgaan met die visie dat geen vervolgde Christen alleen hoef te staan nie. Kom ons staan hulle by. Kom ons bid, leer, en gee ons tyd en hulpbronne om bewustheid vir ons geloofsfamilie te kweek.

Vrede

Lynette

**Lynette Leibach**
Uitvoerende direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika




**Geopende Deure**

I www.opendoors.org.za
T +27 11 888 9341
F +27 11 888 9362
E southafrica@od.org
064 867 4730
Posbus 1771, Cresta, 2118


**Bankrekenings: Suid-Afrika**
Geopende Deure – Open Doors NPC,
Mercantile Lopende Rekening (450105),
Rekeningnr. 1051 1501 32

Geopende Deure – Open Doors NPC,
Nedbank Besigheids-rekening (198765),
Rekeningnr. 113 750 4552

**Bankrekening: Namibië**
Geopende Deure – Open Doors NPC,
Nedbank Windhoek (461609),
Rekeningnr. 1-2000-23847-1

(Faks asb. die bewys van betaling na +27 11 888 9362 of epos na southafrica@od.org)


Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika. Inligting korrek teen druktyd. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org.
Drukwerk deur Resolution Litho

REG # 2004/023397/08


Vervolg Maar nooit alleen.